10-2023

onrusrivier.negester.co.za

Negester Nuus

# Voëlnuus

Baie geluk aan Jannie Slabbert en Elfride Theron wie hierdie roofvoël in ons laaste voëlkompetisie korrek geïdentifiseer het (prent 1). Hulle het 'n prys van die kantoor ontvang (prent 2). Die Kaalwangvalk kan dikwels op die populierbome by die Suidoostelike hoek van die kompleks gesien word.

Somer is oppad en ons sien 'n merkbare toename in voëlaktiwiteit. Dit is 'n goeie tyd om 'n ogie uit te hou vir ons baie territoriale koningrooibekkie (prent 3). Hy sit graag op die elektriese heining langs die graspaadjie, langs die klein vleiland. Hierdie mannetjie is bekend daarvoor om ander voëls van sy sitplek weg te jaag. Hy het 3 lang stertvere en 'n helderrooi snawel. Neem 'n kiekie van hom volgende keer as jy in die tuine is, selfs net met jou selfoon. Diegene wat hom eerste korrek identifiseer, sal 'n prys by die kantoor ontvang.



1



2



3

# Gebeurteniskalender: Maart





## Negester Crescent kom saam

Tweede laan het in Februarie 'n straatbraai aangebied en ander inwoners aangemoedig om die selfde te doen. Dough en Daphne Richardson deel met ons hoe inwoners van Negester Crescent dit wel gedoen het.

"Ons het besluit om 'n groepmiddagete vir ons straatbewoners, altesaam 18, te hou. Dit was in die bistro gehou en Feedem het gekuiter. Die bistro is smaakvol versier met blomme en mooi servette. 'n Heerlike gebraaide lam- en groente spyskaart was bedien. Welgedaan aan Sjarlene en haar bekwame span vir 'n heerlike ete. Dit was 'n spesiale geleentheid vir almal.

# Gebeurteniskalender: Mei




## Algemene Jaarvergadering

Na die AJV in Mei het ons met 'n kleurvolle basaar gevier. Daar was plaaslike koffieverkopers, musikale optredes en 'n kompetisie om te sien wie met die mees uitspattige hoed kom bazaar hou het. Lekker pret!





## Totsiens Natasha

Ons het Natasha met hartseer harte gegroet en haar met 'n lieflike afskeidsgeskenk gelos. 'n Ruiker gemaak van baie seldsame, waardevolle blomme!



# Gebeurteniskalender: Junie



## Mandela-dag

Op die 18de Junie het ons Mandeladag gevier. Die inwoners het hard gewerk om 19 komberse te brei om aan die Kankervereniging van Suid-Afrika te skenk.











# Gebeurteniskalender: Junie

## 'n Oggend met die Burgemeester




Die Burgemeester, Dr Annalie Rabie het ons verras met 'n besoek tydens 'n inwonersontbyt wat vir 22 Junie gereël is. Dit is altyd goed om leiers te sien wie gretig is om tyd met hul kiesers te spandeer en om idees uit te ruil.

Hierdie ontmoeting met burgemeester Rabie was veral voordelig om duidelike kommunikasielyne met die munisipaliteit op te bou. Spesifiek in die lig van die verwoestende storm wat na ontwrigting in water- en elektrisiteitstoevoer gelei het.



# Gebeurteniskalender: Julie

18 Julie het ons 'n spesiale geleentheid aangebied vir die oorhandiging van komberse aan die Kankervereniging van Suid-Afrika.









# Gebeurteniskalender: September

Op die 15de September het ons vir Moses baie geluk met sy verjaarsdag gesê. Ons is baie dankbaar vir sy handewerk & bydraes om ons fasiliteite so goed in stand te hou.





Groot werk is gedoen om die individuele woonstelle ook aan die kragopwekker to koppel. Die hele sorgsentrum is nou beurtkrag vry.





# Ons Gemeenskap

Ouderdom is net 'n nommer. Me Quinn op 88 neem nog aktief deel aan die versorging van die tuine.





Oggend van brandveiligheidsopleiding vir ons personeel





# Water Krisis

Op die 24ste September was daar 'n groot reënstorm wat ernstige oorstromings en verwoesting in die streek gebring het.









# Water Krisis

Ons is baie dankbaar vir Elmar en sy span wat die krisis so goed bestuur het. Hulle het uit hul pad gegaan om te verseker dat die kompleks toevoer van drinkbare water gekry het van af noodwatertenks.








Nog 'n groot uitdaging terwyl ons geen water en elektrisiteit gehad het nie, was wasgoed. Die span het 320kg wasgoed van die sorgsentrum na die wassery in Kleinmond geneem om te laat was.





# Water toevoer

Die onderstaande kennisgewing kom van die munisipaliteit af:

STORM DAMAGE UPDATE: Greater Hermanus

Overstrand Executive Mayor, Dr Annelie Rabie, held an information session on Wednesday morning, 18 October 2023, to update the public regarding the water situation in the greater Hermanus following the Level 9 storm during the weekend of 23 September 2023.

The Overstrand experienced heavy rain and the most severe flooding in history, with more than 120 mm recorded in Hermanus in 24 hours.

Mayor Rabie once again requested all to save water and be mindful of water consumption as this will help to keep all areas supplied.

The main points addressed were:

BULK WATER SUPPLY

- De Bos dam is still overflowing
- The water network and reservoirs are full
- The current demand of daily water use is met with supply
- Unfortunately, the Preekstoel Water Treatment Works currently cannot deal with more inflow of water to purify due to the extremely high turbidity of the raw water
- Work is scheduled to start on Monday, 23 October to permanently fix the De Bos dam pipeline in order to be able to provide the higher flows required during peak season
- If all goes according to plan, work should be finished by mid-December and all the pipe repairs and purification processes back to normal
- The Bosplasie sewer pipe rehabilitation will be done as part of the above project

# Water toevoer

WATER RESTRICTIONS AND WATER QUALITY

- Water restrictions remain in place
- No punitive water consumption tariff to be implemented for Greater Hermanus yet
- The water supply is constrained and will be at least until mid-December, by which time the pipes and purification should be back to normal if all goes according to plan
- Tap water is safe to drink and cook with and meets the national drinking water quality standards

ROADS

- Repairs of the damaged R320 Hemel-en-Aarde and road infrastructure are prioritised as it impacts on the livelihoods of our farming community. The road repairs are estimated to cost R80 million
- The R43 at the Kleinmond turnoff needs to be fixed as this is the main route to transport food supplies and medical resources
- Repairs to re-open the flood-damaged N2 at Bot River are underway and the road needs to open as soon as possible

Issued by:
Overstrand Executive Mayor, Dr Annelie Rabie

# Reis Saam



## Skilpad en Elmar val in die pad

Op die 12de Maart het skilpad, Elmar en 27 999 ander fietsryers aan die Kaapstad-fietstoer deel geneem.
'n Vinnige stop in Simonstad vir 'n blaaskans en fotogeleentheid voordat hulle die laaste helfte van die reis aangepak het. Mooi gedoen. Ons is baie trots op julle!







# Reis Saam

## Pikkewyn se avonture

Penguin sluit aan by Elmar vir 'n klein wegbreekvaart van af Kaapstad na Walvisbaai in Namibië in April.





'n Bergfiets-avontuur tussen Elgin en Grabouw




'n Nuwe fyn wyn- en koskenner by Curro se restaurantaand



# Reis Saam

## Leeukie se avonture

Leeukie het vir Gerard en Annelise aangeneem om saam op avonture te gaan. Hier het hy die Augrabies wattervalle saam met hulle besoek.










# Reis Saam

## Leeukie besoek Duitsland

Hy was baie bekommerd toe hy eers besef die karre ry aan die verkeerde kant van die pad! Maar kalmte was gou weer herstel na 'n lekker staptog in die woud by Mörfelden -Walldorf.





## Sê hallo vir ons gelukbringers

Hierdie klein maatjies wag om saam met jou op 'n avontuur te gaan. Hulle hou daarvan om te poseer met hulle reisgenoot en met selfoon/kamera afgemeen te word. As jy n reis, avontuur, lekker kuier of uiteet beplan maak seker dat jy een van die gelukbringers by die admin kantoor oplaai om saam te reis. E-pos asb jou foto's en 'n kort opsomming van jou ervaring/reis na admin en neem deel aan die skryf van ons plaaslike nuusbrief .



# Ons Gemeenskap

## ’n Reis na die silwerdoek

Hans kruis die Rubicon is 'n fliek oor 'n man wie se dogter hom in 'n ouetehuis plaas. Die film gaan oor hoe hy teen die groot verandering in sy lewe rebelleer en die vriende wie hy langs die pad ontmoet.

Die hoofrol van Hans word vertolk deur Pierre van Pletzen, beter bekend as Oubaas in 7de Laan. Daar was sowat 20 inwoners van Negester wat die fliek by die Whale Coast-winkelsentrum gaan kyk het. Pierre van Pletzen en die regisseur van die fliek Corne van Rooyen het ons voor die fliek verwelkom. 'n Groot bederf!





# Ons Gemeenskap

## 'n Gemeenskap van kunstenaars

Die talentvolle Juanita van Tonder was so gaaf om 'n binnehof by die sentrum wat bietjie kleur nodig gehad het, te omskep in 'n vreugvolle hoekie. 'n Pragtige landskap is geverf en nuwe plantjies geplant oorkant die woonstelle. Dankie Juanita!





# Ons Gemeenskap

## Ontmoet die Feedem-span

Verbeel jou 'n plek waar die aroma van kos jou wakker maak. Vars gekook, gesond en so lekker. Nee, dit is nie 'n droom nie, dit is die realiteit van wakker word by Negester; jou huisie by die see.

Negester se voedseldiens is gekontrakteer aan Feedem. Soos ons naam aandui, voer ons al mense sedert 1975. Die bestuurspan is Sjarlene Scott, die Voedseldiens Bestuurder. Dillon Gillion is die Assistant Bestuurder, en Kay-dene Swart is ons knap toesighouer. Xoliswa Ntlabezi en Andrea Jansen doen die kookwerk. Hulle word in die kombuis bygestaan deur Luntukazi Ngqwemese en Lwandisa Mia. Dalene van Wyk en Portia Mvula se werk is uitgeknip om seker te maak dat die regte ete by die regte persoon beland. (Dit is glad nie 'n maklike taak nie. Ons kry weekliks spyskaarte met geen naam op nie!)

Elke maaltyd word in die kombuis voorberei. Bestandele word weekliks aangekoop. Ons probeer ons bes om versoeke te akkomodeer. Komplimente laat ons glimlag, klagtes neem ons ernstig op.

Ons hou net net magies vol nie. Feedem is ook verantwoordelik vir die skoonmaaak van die gebou. Die huishouding span word gelei deur Andeonica Brown, en haar Boksom Bende is : Elihle Dilayi, Anneline Cupido, Unathi Loleka, Lineo Batimani, Nteboleng Mathibeli and Elizma Jacobs.

Maar een ding bly waar: wat 'n vreugde dit vir ons is om jul diensleweraar by Negester te wees!



# Ons Gemeenskap

## Sr Visser leer ken



Suster Hannalie Visser is gebore en grootgemaak op Barkly-Oos, in die Oos-Kaap. Nadat sy gematrikuleer het, het sy vier jaar aan die Universiteit van die Vrystaat geswot. Sy het 'n seun en twee dogters wat haar met drie kleinkindertjies geseën het. Sy het in 1999 na Hermanus verhuis en by beide Medi Clinic en Pathcare gewerk. In 2020 het sy na Swellendam verhuis. Maar ná twee jaar het sy besef Hermanus is haar eerste keuse en het teruggekeer kus toe. Sy het 'n pos aanvaar om by Negester te begin, een waaroor sy sedertdien nie spyt was nie.
Ons is dankbaar om haar as deel van ons span te hê!

## Nuwe Inwoners

Baie hartlik welkom aan die nuwe inwoners wat by ons gemeenskap aansluit.

| Woonstelle | | Huise |
|---|---|---|
| Mnr & Mev Kristafor | Mnr Munthing | Mnr & Mev Pieterse |
| Mev Oberholzer | Mev Wege | Mnr & Mev Shapland |
| Mnr Lochner | Mev Wolfaardt | Mnr & Mev Kuhn |
| Mev Engelbrecht | Mev Ferreira | Mnr & Mev Van Wyk |
| Mnr Wright | Mev James | Mnr & Mev Erasmus |
| Mev Molenaar | Mev Bijl | |
| Mev Caughlan | Mev I Duminy | |
| Mev Martin | Mnr J Kelder | |
| Mnr and Mev Brummer | | |

# Gesondheids



# Trustees

## Tuinverbeterings

Ons is opgewonde oor die werk wat ons Trustee-tuinkomitee aan die Hermanus-kant van die sypaadjie en in die tuin voor die eetsaal gedoen het. Die tuin vorder mooi. Veral terwyl die somermaande nader kom,

## Dam

Daar is 'n tweede pomp geinstalleer wat gekoppel is aan die kragopwekker wat die fonteine by die dam sal kan laat spuit tsv krag onderbrekings.

Die besproeiingspomp sal nou uitsluitlik vir besproeiing gebruik kan word.
Daar word ook beplan om 'n ekstra siklus besproeiing deur die dag te skeduleer sodat probleme met die besproeiing vinniger geïdentifiseer kan word.

## Watertoevoer

Die waterkrisis wat ons na die oorstromings ervaar het was 'n belangrike herinnering hoe afhanklikheid ons van water is. Die trustees kyk na die moontlike installering van permanente reënwaterversameltenks met filtrasiestelsels vir moontlike toekomstige watertekorte. Hierdie watertoevoer is noodsaaklik vir die instandhouding van belangrike funksies en sanitasie in die sorgsentrum. Veral omdat ons steeds onder streng waterbeperkings is totdat die streek se watervoorsiening-infrastruktuur heeltemal herstel is.



Dankie aan Illza Perold wat 'n breër plaveisel laat lê het sodat inwoners die tuin veilig kan geniet

# 2023 Rugby Wêreldbeker

## Bokkoors Loop Hoog

Kom kyk saam met ons die Eindwedstryd teen Nieu-Zeeland. 28 Oktober 2023 vanaf 20:00 in die eetsaal/Bistro. Feedem sal peuselhappies en ys verskaf. Bring eie glase and drinkgoed.  Familie en vriende is welkom. R100 per persoon. Betaalbaar voor Vrydag die 27e.





**Help Suid-Afrika om die wêreldbeker te wen**

